

Woensdag 9 Maart

Skrifgedeelte: Jesaja 57

Fokusgedeelte: Jesaja 57:15 (1953-vertaling)

Die heilige God wat onheilige mense red

God het verskillende Name in die Bybel, en ons kan baie van die wese van God aflei uit sy Name. Uit ons fokusgedeelte is dit duidelik dat God nie net heilig is nie, maar dat sy Naam ook Heilig is. Heilig is dus hier nie 'n byvoeglike naamwoord soos wanneer ons sê God is heilig nie. Nee, Heilig is hier 'n eienaam: God se naam is Heilig, net soos wat my naam Malan is.

Om heilig te wees, is egter ook een van die eienskappe van God. Dit sluit in dat God hoogverhewe, heerlik en sonder sonde is: "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek ..." Dit klink asof Jesaja soek na woorde om God se heiligheid mee te beskryf, want Heilig se heiligheid is onbeskryflik.

En dan die verrassende: Heilig woon nie net in die hoogte en die heilige plek nie, Hy woon ook "by die verbryselede en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseledes." Die hoogverhewe God, ontsaglik heilig, wie se naam Heilig is, bemoei Hom met onheilige mense wat deur sonde verbrysel is en Hy laat hulle herlewe. Hy maak van hulle nuwe mense, sodat hulle geroepe heiliges kan wees. Dit doen Hy deur sy Seun, Jesus Christus, wat mens geword het. Ja, Heilig het mens geword om onheilige mense aan die kruis te verlos!

Hierdie groot genade van die heilige God maak my dankbaar! Ek wat nie een greintjie heiligheid in my het nie, word deur God verlos en geheilig sodat ek my kan verlustig in sy heiligheid en Hom kan vereer met 'n heilige (toegewyde) lewe.

Sing: Psalm 19-1:2, 5

Dr. HPM van Rhyen (Malan) (Pretoria-Noord)